



Kunstoer na kaasland vir Venda-man

Van die vlaktes van Venda na die gragte van Nederland. Thomas Kubayi, een van Suid-Afrika se opkomende beeldhouers, besoek vandeemaand Nederland om die opening van 'n kunsuitstalling by Gallery iZArte in die weste van die land by te woon.

Gallery iZArte se eienaars, Gert en Janneke Rebergen, ken Thomas al vyf jaar en koop gereeld van sy werk.

Buiten om die opening van die uitstalling oor Venda- en Tsonga-kuns en -ontwerp by te woon en sy kopers te ontmoet, gaan Thomas ook 'n beeldhouwerk in die galery skep, skole besoek, werksinkels hou en Nederland 'n bietjie verken. Dit is die eerste keer dat Thomas oorsee reis en hy gaan vir altesaam 'n week weg wees.

“Ons hou baie van Thomas se werk en waardeer die sosiale impak wat hy op ander kunstenaars, kinders en sy gemeenskap het,” verduidelik Janneke. “Ons glo hy sal baie energie en inspirasie saam met hom huis toe neem.”

Thomas sien op sy beurt daarna uit om sy mark uit te brei en groter ondersteuning vir Venda-kunstenaars te werf. - **Annamarie van Wyk**

Links van November

Twee Durbanse kunstenaars, Bronwen Vaughan-Evans en Deanne Donaldson se tentoonstelling, *Left of November* vind van 2 tot 30 Mei in die Erdmann Contemporary-gallery, in Kortmarkstraat 63, Kaapstad, plaas. Vir meer inligting skakel 021-422-2762 of besoek www.erdmanncontemporary.co.za




trying to forget, Gesso en olie op hout, 200 x 40 cm, 2008



the bed we made, Gesso en olie op hout, 200 x 40 cm, 2008

✦ Bronwen skilder voorwerpe uit haar omgewing op gesso-doek – 'n Donker laag onder, 'n ligter een bo-oor. Dié dam sy dan met skuurpapier by, sodat dit lyk of die beeld uit lae van die aarde opstaan. Soos iets wat deur tyd verweer en opgegrawe is. Haar beeldspraak “spreek sowel die fisieke as emosionele ruimte wat mense inneem aan”. Hierdie ruimtes, sê sy, vorm ons identiteit op 'n persoonlike en sosio-politieke vlak.



Rainlight, Olie op doek, 210 x 70 cm, 2008



Last Hour, Olie op doek, 210 x 70 cm, 2008

✦ Deanne Donaldson se nuwe werk volg op 'n onlangse tentoonstelling waarin sy met persoonlike verlies worstel. Haar skilderye roep ou emosies uit die geheue uit op. Dis landskappe waarvan die binneste buite toe gekeer is. Lig boei haar. Veral hoe lig waargeneem word as emosies mekaar afwissel. Emosies soos skok of rou. Sommige van die voorstellings is met 'n selfoonkamera afgeneem, oor 'n tydperk van vier maande.